- (vi) *Selfs al voldoen 'n voornemende meestersgraadstudent aan al die bogenoemde toelatingsvereistes, kan die aansoek steeds afgekeur word (1) weens 'n gebrek aan kapasiteit in die Fakulteit om voldoende studieleiding te gee, of (2) indien die voorgestelde navorsingsonderwerp nie binne die fokus van bestaande navorsingsprogramme/projekte in die Fakulteit geakkommodeer kan word nie.*
- (vii) *'n Dokument, 'n brief van voorneme, moet saam met die student se aansoek ingedien word om die mees geskikte studieleier (soos beskryf in EDU 5.5) aan die suksesvolle student toe te wys. Die brief van voorneme (maksimum twee bladsye), met 'n voorlopige navorsingstitel, moet kortliks beskryf wat, hoekom en hoe die student beoog om navorsing te doen.*

EDU.5.3 STUDY PROGRAMME / STUDIEPROGRAM

- (i) A student for the MEd degree must follow an approved programme in the focus of the Faculty, in consultation with the Deputy Dean.
 - (ii) Attendance of the approved support programmes is strongly recommended.
 - (iii) A student who has been admitted to the MEd programme must submit a research proposal to a Scientific Committee for approval within six (6) months after registration. The approved academic processes and administrative cut-off dates for submission must be followed.
 - (iv) If a student fails to present a research proposal as referred to above for approval in time, the study may, after due notification, be terminated by the University. (A rule 4.9.5).
-
- (i) *'n Student vir die MEd-graad moet 'n goedgekeurde program binne die fokus van die Fakulteit, in oorlegpleging met die betrokke adjunkdekaan volg.*
 - (ii) *Bywoning van die goedgekeurde ondersteuningsprogramme word sterk aanbeveel.*
 - (iii) *'n Student wat tot die MEd-program toegelaat is, moet binne ses (6) maande na registrasie, 'n navorsingsvoorstel vir goedkeuring aan 'n Wetenskaplike komitee voorlê. Die goedgekeurde akademiese prosesse en administratiewe sperdatums vir voorlegging, moet gevolg word.*

- (iv) *Indien 'n student in gebreke sou bly om die navorsingsvoorstel binne ses (6) maande na registrasie voor te lê, kan sy/haar studies, na behoorlike kennisgewing, getermineer word. (A reël 4.9.5).*

EDU.5.4 RESEARCH PROPOSAL AND TITLE REGISTRATION (A RULE 4.9) / NAVORSINGSVOORSTEL EN TITELREGISTRASIE (A-REËL 4.9)

- (i) A student presents a research proposal and proposed title for a dissertation for approval and registration to the MEd and PhD office of the faculty.
- (ii) The student's proposal and proposed title are then sent to the relevant scientific committee of a research entity or the faculty for consideration.
- (iii) After consideration, the proposal and proposed title are sent back to the student - if not accepted OR the scientific committee submit the approved title to the Research and Innovation Committee for final approval.
- (i) *'n Student moet 'n navorsingsvoorstel en voorgestelde titel vir 'n verhandeling vir goedkeuring en registrasie by die MEd- en PhD-kantoor van die Fakulteit indien.*
- (ii) *Die student se voorstel en voorgestelde titel word dan aan die toepaslike wetenskaplike komitee van 'n navorsingsentiteit of die Fakulteit vir oorweging gestuur.*
- (iii) *Na oorweging word die voorstel en voorgestelde titel aan die student teruggestuur – indien dit nie aanvaar is nie OF die wetenskaplike komitee dien die goedgekeurde titel by die Navorsing- en Innoveringskomitee vir finale goedkeuring.*

EDU.5.5 APPOINTMENT OF SUPERVISOR/CO-SUPERVISOR (A RULE 4.8) / AANSTELLING VAN STUDIELEIER/MEDE-STUDIELEIER (A-REËL 4.8)

- (i) Students are allocated to supervisors based on the capacity of the faculty to render adequate supervision and based on the focus on the existing entities, research projects and expertise in subject groups in the faculty.
- (ii) At the Scientific Committee, a co-supervisor could be suggested on the grounds of the relevant technical expertise despite such a person not being in possession of a doctoral degree.
- (i) *Studente word aan studieleiers toegewys op grond van die vermoë in die fakulteit om voldoende studieleiding te lewer en gebaseer op die fokus van die bestaande entiteite, navorsingsprojekte en kundigheid in vakgroepe in die fakulteit*
- (ii) *'n Medestudieleier kan by die Wetenskaplike komitee, op grond van die relevante tegniese kundigheid, voorgestel word, ten spyte daarvan dat so 'n persoon nie in besit van 'n doktorsgraad is nie.*

EDU.5.6 ETHICAL CLEARANCE OF A RESEARCH PROPOSAL (A-RULE 4.9.4) / ETIESE KLARING VAN 'N NAVORSINGSVOORSTEL (A-REËL 4.9.4)

After the approval of the research proposal by the Research and Innovation Committee, ethical clearance is obtained from the applicable Ethics Committee. The assigned Ethics number is submitted to the Higher Degree's administration office.

Nadat die navorsingsvoorstel deur die Navorsing- en Innoveringskomitee goedgekeur is, word etiese klaring by die toepaslike Etiese Komitee verkry. 'n Etiek-nommer word toegeken en by die nagraadse administrasiekantoor ingedien.

EDU.5.7 DURATION OF THE STUDIES / DUUR VAN DIE STUDIE

The minimum duration of the study for this qualification is one (1) year and the acquisition of 180 credits, and the maximum length of time for completing the degree for full-time students is three (3) years. The maximum length of time for a part-time student is four (4) years (A rule 1.14).

Die minimum duur van die studie vir hierdie kwalifikasie is een (1) jaar en die verwerwing van 180 krediete en die maksimumtydsduur vir die voltooiing van die graad vir voltydse studente is drie (3) jaar. Die maksimum tydsduur vir die voltooiing van die graad vir deeltydse studente is vier (4) jaar (A reël 1.14).

EDU.5.8 EXTENSION OF STUDY PERIOD / VERLENGING VAN STUDIETYDPERK

- (i) A candidate who does not expect to complete the study within the maximum time period must, before the end of the final study year apply to the Deputy Dean concerned, or an extension of the study period by one year." (A Rule 4.14).
 - (ii) The supervisor must motivate the extension of the study period to the involved Deputy Dean of the Faculty.
 - (iii) An application for the extension of the study period must be in the form of a request in which the following are indicated (A rule 4.14.2):
 - (a) that the research topic is still relevant;
 - (b) what progress has already been made;
 - (c) what still has to be done to complete the studies; and
 - (d) whether the supervisor is still available.
-
- (i) *'n Student wat nie sy/haar studies binne die maksimum studietyd voltooi nie, moet voor die einde van die finale jaar van studie by die betrokke adjunkdekaan aansoek doen om 'n verlenging van die studietyd met een akademiese jaar, (A-Reël 4.14).*
 - (ii) *Die studieleier moet 'n motivering vir die verlenging van die studietyd aan die betrokke Adjunkdekaan van die Fakulteit verskaf.*
 - (iii) *'n Aansoek om die verlenging van die studietyd moet verskaf word in die vorm van 'n versoek wat die volgende aangedui (A-Reël 4.14.2):*
 - (a) dat die navorsingsonderwerp steeds relevant is;*
 - (b) watter vordering reeds gemaak is;*
 - (c) wat nog gedoen moet word om die studie te voltooi; en*
 - (d) of die studieleier steeds beskikbaar is.*

EDU.5.9 LIST OF PROGRAMMES / LYS VAN PROGRAMME

Programme Code / Programkode	Curriculum Code / Kurrikulum-kode	Descriptive Name / Beskrywende naam	Curriculum Structure / Kurrikulum-struktuur	Credits / Krediete	Campuses / Kampusse		
					P	V	M
4CC N01	O801P	Curriculum Studies / Kurrikulumstudies	CRSE 871	180	√	√	
4CE N01	O801P	Physical Science Education / Fisiese Wetenskaponderwys	PHSE 871	180	√		
4CB N01	O801P	Educational Management and Leadership / Onderwysbestuur en Leierskap	EDMA 871	180	√	√	√
4CG N01	O801P	Education Law / Onderwysreg	EDLW 871	180	√	√	
4CH N01	O801P	Educational Psychology / Opvoedkundige Sielkunde	EPSY 871	180	√		
4CJ N01	O801P	International and Comparative Education / Internasionale en Vergelykende Opvoedkunde	CMPE 871	180	√		
4CK N01	O801P	Mathematics Education / Wiskunde-onderwys	MATE 871	180	√		
4CL N01	O801P	Special Needs Education / Onderwys vir Spesiale Behoeftes	SPNE 871	180	√	√	√
4CM N01	O801P	Philosophy of Education / Filosofie van die Opvoeding	PHIE 871	180	√		
4CN N01	O801P	Physical Education / Liggaamlike Opvoeding	MOVE 871	180	√		
4CP N01	O801P	Computer Science Education / Rekenaarwetenskaponderwys	CSIE 871	180	√		
4CQ N01	O801P	Language Education / Taalonderwys	EDSL 871	180	√	√	√

EDU.5.10 EXAMINATIONS / EKSAMINERING

In order to obtain an MEd degree, a dissertation must be submitted for examination.

Ten einde 'n MEd-graad te verwerf, moet 'n verhandeling ingedien word vir eksaminering.

EDU.5.10.1 Appointment of Examiners (A Rule 4.11.1) / Benoeming van Eksaminatore (A-Reël 4.11.1)

- (i) For the examination of a dissertation, at least two external examiners, must be appointed by the executive Dean of the faculty based on nominations of the supervisors and approval of the Research and Innovation Committee.
- (ii) At least three months before submission of the dissertation, the student and his/her supervisor must notify the administration officer of the Higher Degree Administration Office in writing of their intention to submit the dissertation for examination.
- (iii) No examiner of a dissertation may have been involved in any manner in the supervision of the student or have acted as a critical reader of the dissertation.
 - (i) *Vir die eksaminering van 'n verhandeling moet minstens twee eksaminatore deur die uitvoerende dekaan van die Fakulteit aangewys word na aanleiding van nominasies deur die studieleiers en goedkeuring deur die Navorsing en Innovasiekomitee.*
 - (ii) *Die student en sy/haar studieleier moet minstens drie maande voor inhandiging van die verhandeling, die administratiewe beampte van die Hoër Grade Administrasiekantoor skriftelik in kennis stel dat die verhandeling ingedien gaan word vir eksaminering.*
 - (iii) *Geen eksamineerder van 'n verhandeling mag op enige wyse betrokke gewees het by die studieleiding van die student, of as kritiese leser van die verhandeling nie.*

EDU.5.10.2 Requirements to which the Dissertation must Conform / Vereistes waaraan die Verhandeling moet Voldoen

- (i) A dissertation must provide proof that the student has mastered the relevant research paradigms and methodologies.
- (ii) Regarding the technical requirements, a dissertation must comply with all the requirements prescribed by the Faculty Board and the latest "Manual for Postgraduate Studies".
- (iii) In addition to the SALA solemn declaration document a declaration should be included in the dissertations in order for the students to declare that it is their own work.
 - (i) 'n Verhandeling moet bewys lewer dat die student die relevante navorsingsparadigma en -metodologieë bemeester het.
 - (ii) 'n Verhandeling moet ten opsigte van die tegniese vereistes voldoen aan die voorskrifte wat die Fakulteitsraad en die nuutste "Handleiding vir Nagraadse Studie" daarvoor stel.
 - (iii) Benewens die SALA plegtige verklaringsdokument, moet 'n verklaring in die verhandeling ingesluit word waarin die studente verklaar dat dit hul eie werk is.

EDU.5.10.3 Submission of the Dissertation for Examination / Indiening van die Verhandeling vir Eksaminering

- (i) A dissertation may be submitted for examination only with the written permission of the supervisor(s).
- (ii) A dissertation that has been submitted for examination cannot be withdrawn by the student or supervisor(s).
 - (i) 'n Verhandeling mag alleenlik met die toestemming van die studieleier(s) vir eksaminering ingedien word.
 - (ii) 'n Verhandeling wat vir eksaminering ingedien is, kan nie deur die student of studieleier(s) van eksaminering onttrek word nie.

EDU.5.10.4 Requirements for Passing / Slaagvereistes

- (i) A student passes when an average mark of at least 50% is obtained.
- (ii) A student passes with distinction when an average of at least 75% is obtained.
- (iii) A student who has failed a dissertation may only apply for re-admission to the same MEd degree programme once, after which a new study must be registered. The involved Deputy Dean of the Faculty must be notified before such registration may be approved.
- (iv) The upgrade of a master's degree study is not permitted by the Faculty of Education.
 - (i) 'n Verhandeling word geslaag indien die student 'n gemiddelde punt van ten minste 50% behaal het.
 - (ii) 'n Verhandeling word met onderskeiding geslaag indien die student 'n gemiddelde punt van ten minste 75% behaal het.
 - (iii) 'n Student wat 'n verhandeling druip, mag slegs een keer aansoek doen om weer tot dieselfde MEd-gradstudie aan die Universiteit toegelaat te word, waarna 'n nuwe studie geregistreer moet word. Die betrokke Adjunkdekaan van die Fakulteit moet eers in kennis gestel word voordat sodanige registrasie goedgekeur kan word.
 - (iv) Die opgradering van 'n magistergraadstudie word nie deur die Fakulteit Opvoedkunde toegelaat nie.

EDU.5.11 TERMINATION OF STUDIES / TERMINERING VAN STUDIE

The studies of a student may be terminated if he/she exceeds the maximum duration of the study period or in the case of unsatisfactory academic performance (A Rule 1.18). From the time of registration, the student's academic progress will be monitored continuously by means of half-yearly progress reports.

Die studies van 'n student mag opgeskort word indien hy/sy die maksimum duur van die studietyd oorskry of ingeval van onbevredigende prestasie (A-Reël 1.18). Vanaf registrasie sal die student se akademiese vordering voortdurend deur middel van halfjaarlikse verslae gemonitor word.

EDU.5.12 ARTICULATION / ARTIKULASIE

This qualification gives access to the PhD degree.

Hierdie kwalifikasie gee toelating tot die PhD graad.

EDU.5.13 EXIT-LEVEL OUTCOMES / UITREEVLAK UITKOMSTE

Candidates will obtain this degree only if they can demonstrate the competence described in the exit level outcomes that follow:

- (i) Candidates must demonstrate that they have acquired a specialist knowledge base and critical understanding of education in general, and of their area(s) of specialisation in particular.
- (ii) Candidates must demonstrate the ability to critically analyse and evaluate current processes of knowledge production in their area(s) of specialisation, and to contribute to systematic and disciplined thinking about educational matters and issues, with particular reference to their area(s) of specialisation.
- (iii) Candidates must demonstrate the ability to conduct independent inquiry in a specialised field of education, training or development, and to report their findings in academically appropriate ways.
- (iv) Candidates must demonstrate the ability to design and implement a strategy for the processing and management of information in order to conduct a comprehensive review of leading and current research in their area(s) of specialisation.
- (v) Candidates must exhibit the potential to act as academic leaders and experts in the field of education, training and development.
- (vi) Candidates must demonstrate high levels of responsibility, self-reflexivity and adaptability with respect to the ethical implications of research, and the determination of socially relevant issues and research needs in South Africa.

Kandidate kan slegs hierdie graad verwerf as hulle die vaardigheid kan demonstreer wat beskryf word in die uitreevlakuitkomste wat volg:

- (i) *Kandidate moet demonstreer dat hulle 'n spesialis-kennisbasis en 'n kritiese begrip van die onderwys in die algemeen en van hul spesialisingsgebied (e) in die besonder verwerf het.*
- (ii) *Kandidate moet die vermoë demonstreer om huidige prosesse van kennisproduksie in hul spesialisingsarea krities te ontleed en te evalueer, en om by te dra tot stelselmatige en gedissiplineerde denke oor opvoedkundige aangeleenthede en kwessies, met spesifieke verwysing na hul spesialisingsgebied (e).*
- (iii) *Kandidate moet die vermoë demonstreer om onafhanklike ondersoeke in 'n gespesialiseerde veld van onderwys, opleiding of ontwikkeling te doen, en om hul bevindinge op akademies toepaslike maniere te rapporteer.*
- (iv) *Kandidate moet die vermoë demonstreer om 'n strategie vir die verwerking en bestuur van inligting te ontwerp en te implementeer ten einde 'n omvattende oorsig van toonaangewende en huidige navorsing in hul spesialisingsgebied (e) te kan doen.*
- (v) *Kandidate moet die potensiaal toon om as akademiese leiers en kundiges op te tree op die gebied van onderwys, opleiding en ontwikkeling.*
- (vi) *Kandidate moet hoë vlakke van verantwoordelikheid, self-reflektiwiteit en aanpasbaarheid ten opsigte van die etiese implikasies van navorsing, en die bepaling van sosiaal-relevante kwessies en navorsing behoeftes in Suid-Afrika demonstreer.*

EDU.6 RULES FOR THE DOCTOR OF PHILOSOPHY DEGREE IN EDUCATION (PhD) / REËLS VIR DIE DOKTORSGRAAD IN OPVOEDKUNDE (PhD)

Method of presentation: Full-time

Part-time

The doctoral degree can be obtained in one of the programmes in rule EDU.5.10 and can be taken on a full-time or part-time basis.

The stipulations for the doctoral degree must be read together with the general academic rules of the university, which are available on the Internet at: http://www.nwu.ac.za/content/policy_rules

All doctoral programmes are being administrated by Student Academic Life Cycle Administration (SALA) and must contribute to the research focus of the Faculty.

Metodes van aflewering: Voltyds

Deeltyds

Die doktorsgraad kan verwerf word in een van die programme in reël EDU.5.10 en kan voltyds of deeltyds geneem word.

Die bepaling vir die doktorsgraad moet saamgelees word met die algemene akademiese reëls vir die Universiteit wat beskikbaar is op die Internet by: <http://www.nwu.ac.za/af/content/beleide-en-reels>

Alle doktorsgraadprogramme word geadministreeer vanuit die Studente Akademiese Leefsiklus Administrasie (SALA) en moet 'n bydrae maak tot die navorsingsfokus van die Fakulteit.

EDU.6.1 AIMS OF THE DOCTORAL DEGREE PROGRAMME / DIE DOEL VAN DIE DOKTORSGRAADPROGRAM

The aim of the doctoral degree programme is to provide in South Africa's need for dedicated and highly specialised education researchers, who are empowered to conduct original education research, to make a scientific contribution to knowledge construction and understanding of one of the specialised areas mentioned below, either by contributing to the discovering of new knowledge or develop a critical research approach, and to contribute in a responsible and meaningful way to the improvement of education at a local, national and international level.

Die doel van die doktorsgraadprogram is om te voorsien in Suid-Afrika se behoeftes aan toegewyde en hoogs gespesialiseerde onderwysnavorsers wat bemaagtig is om oorspronklike onderwysnavorsing te doen, deur of die ontsluiting van nuwe kennis, of die beoefening van kritiese navorsingsparadigmas en 'n wetenskaplike bydrae te maak tot die kennis en verstaan van een van die ondergenoemde spesialiseringsterreine; en om op 'n verantwoordelike en sinvolle wyse by te dra tot die verbetering van onderwys op plaaslike, nasionale en internasionale vlak.

EDU.6.2 ADMISSION REQUIREMENTS / TOELATINGSVEREISTES

EDU.6.2.1 General Admission Requirements / Algemene Toelatingsvereistes

- (i) Admission shall be subject to approval by the Faculty on recommendation of the Deputy Dean and in consultation with the school director where applicable. Students are advised to discuss their intended research and supervision well in advance of admission to a doctoral programme.
- (ii) A student registering for the first time for the doctoral degree must do so at the time determined by the University.
- (iii) Re-registration for the following years of study must take place at the time determined by the University.

- (iv) Should a student in any year fail to register at the time determined by the University, the Faculty may allocate the topic of the thesis, if already registered, to another student.
 - (v) Should a student fail to register at the time determined by the University, he/she must apply to the Registrar for re-admission.
-
- (i) *Toelating sal, onderworpe aan die goedkeuring van die Fakulteit en op aanbeveling van die Adjunkdekaan, in konsultasie met die skooldirekteur waar van toepassing, geskied. Studente word aanbeveel om hulle beoogde navorsing en studiebegeleiding betyds voor toelating tot die doktorale program, te bespreek.*
 - (ii) *'n Student wat vir die eerste keer vir die doktorale graad registreer, moet dit op die datum soos deur die Universiteit bepaal word, doen.*
 - (iii) *Herregistrasie vir die daaropvolgende studiejare moet op die datum soos deur die Universiteit bepaal word, geskied.*
 - (iv) *Indien 'n student sou nalaat om vir enige van die daaropvolgende studiejare op die datum soos deur die Universiteit bepaal is, te registreer, kan die Fakulteit die gekose onderwerp van die studie, indien dit reeds geregistreer is, aan 'n ander student toeken.*
 - (v) *'n Student wat nalaat om op die datum soos deur die Universiteit bepaal is, te registreer, moet by die registrateur om hertoelating aansoek doen.*

EDU.6.2.2 Specific Admission Requirements / Spesifieke Toelatingsvereistes

- (i) The minimum entry requirement to a Doctoral of Education degree (PhD) is a Master of Education degree (MEd) or an appropriate 180-credit Level 9 professional Master's degree, or a relevant Master's degree.
 - (ii) The student must have obtained a minimum average pass mark of 60% for the research MEd or other relevant research Masters, or a minimum pass mark of 60% for the research modules in the professional MEd or relevant professional Master's degree on NQF level 9.
 - (iii) Should a student not have a Master's in an applicable field of Education, but another Master's degree, the applicable Research Director in collaboration with the specific subject group leader and promoter will select two BEd Honours modules of the programme the student wants to follow (based on the student's previous qualification) in a cognate subject. An oral examination must be successfully completed in these modules, before the student can submit the research proposal for approval. The prescribed modules will not be on any academic record and the student will not pay registration fees for those modules. This can be done while the student is registered for the PhD degree.
 - (iv) Even if a prospective Doctoral student meets all of the above admission requirements, the application may still be turned down (1) owing to a lack of capacity in the Faculty to render adequate supervision, or (2) if the proposed research topic cannot be accommodated within the focus of existing research programmes/projects in the Faculty.
 - (v) A document, a letter of intent, must be submitted with the student's application in order to assign the most suitable supervisor (as described in EDU 6.5) to the successful student. The letter of intent (maximum two pages), with a preliminary research title, should briefly describe what, why and how the student intend to conduct research.
-
- (i) *Die minimum toelatingsvereiste tot 'n Doktorale Opvoedkunde-graad (PhD) is 'n Meestersgraad in Opvoedkunde (MEd) of 'n toepaslike 180-krediet Vlak 9 professionele Meestersgraad, of 'n toepaslike Meestersgraad.*
 - (ii) *Die student moet 'n minimum gemiddelde slaagpunt van 60% vir die navorsings-MEd of ander relevante navorsingsmeesters behaal het, of 'n minimum slaagpunt van 60% vir die navorsingsmodules in die professionele MEd of relevante professionele meestersgraad op NKR-vlak 9.*
 - (iii) *Indien 'n student nie 'n Meestersgraad in 'n toepaslike Opvoedkunderigting het nie, maar 'n ander Meestersgraad, sal die toepaslike Navorsingsdirekteur in samewerking met die spesifieke vakgroepleier en*

promotor twee BEd Honneurs-modules kies van die program wat die student wil volg (gebaseer op die student se vorige kwalifikasie) in 'n verwante vak. 'n Mondelinge eksamen moet in hierdie modules suksesvol afgelê word, voordat die student die navorsingsvoorstel vir goedkeuring kan indien. Die voorgeskrewe modules sal nie op enige akademiese rekord wees nie en die student sal nie registrasiefooi vir daardie modules betaal nie. Dit kan gedoen word terwyl die student vir die PhD-graad geregistreer is.

- (iv) *Selfs al voldoen 'n voornemende doktorsale student aan al die bogenoemde toelatingsvereistes, kan die aansoek steeds afgekeur word (1) weens 'n gebrek aan kapasiteit in die Fakulteit om voldoende studieleiding te gee, of (2) indien die voorgestelde navorsingsonderwerp nie geakkommodeer kan word binne die fokus van bestaande navorsingsprogramme/projekte in die Fakulteit nie.*
- (v) *'n Dokument, 'n brief van voorneme, moet saam met die student se aansoek ingedien word om die mees geskikte studieleier (soos beskryf in EDU 6.5) aan die suksesvolle student toe te wys. Die brief van voorneme (maksimum twee bladsye), met 'n voorlopige navorsingstitel, moet kortliks beskryf wat, hoekom en hoe die student beoog om navorsing te doen.*

EDU.6.3 STUDY PROGRAMME / STUDIEPROGRAM

- (i) A student for the PhD degree must follow an approved programme in the focus of the Faculty, in consultation with the involved Deputy Dean.
- (ii) Attendance of the approved support programme is strongly recommended.
- (iii) A student who has been admitted to the PhD programme must submit a research proposal to the Scientific Committee for approval within six (6) months after registration. The approved academic processes and administrative cut-off dates for submission must be followed.
- (iv) If a student fails to present a research proposal as referred to above for approval in time, the study may, after due notification, be terminated by the University. (A Rule 5.9.5).
 - (i) *'n Student vir die PhD-graad moet 'n goedgekeurde program binne die fokus van die Fakulteit, in oorlegpleging met die betrokke adjunkdekaan, volg.*
 - (ii) *Bywoning van die goedgekeurde ondersteuningsprogram word sterk aanbeveel.*
 - (iii) *'n Student wat tot die PhD-program toegelaat is, moet binne ses (6) maande na registrasie, 'n navorsingsvoorstel vir goedkeuring aan die Wetenskaplike komitee voorlê. Die goedgekeurde akademiese prosesse en administratiewe sperdatums vir voorlegging, moet gevolg word.*
 - (iv) *Indien 'n student in gebreke sou bly om die navorsingsvoorstel binne ses (6) maande na registrasie voor te lê, kan sy/haar studies getermineer word (A-Reël 5.9.5).*

EDU.6.4 RESEARCH PROPOSAL AND TITLE REGISTRATION (A RULE 5.9) / NAVORSINGSVOORSTEL EN TITELREGISTRASIE (A-REËL 5.9)

- (i) A student presents a research proposal and proposed title for a thesis for approval and registration to the MEd and PhD office of the faculty.
- (ii) The student's proposal and proposed title are then sent to the relevant scientific committee of a research entity or the faculty for consideration.
- (iii) After consideration the proposal and proposed title is sent back to the student - if not accepted OR the scientific committee submit the approved title to the Research and Innovation Committee for final approval.
 - (i) *'n Student moet 'n navorsingsvoorstel en voorgestelde titel vir 'n proefskrif vir goedkeuring en registrasie by die MEd- en PhD-kantoor van die Fakulteit indien.*
 - (ii) *Die student se voorstel en voorgestelde titel word dan aan die toepaslike wetenskaplike komitee van 'n navorsingsentiteit of die Fakulteit vir oorweging gestuur.*

- (iii) *Na oorweging word die voorstel en voorgestelde titel aan die student teruggestuur – indien dit nie aanvaar is nie OF die wetenskaplike komitee dien die goedgekeurde titel by die Navorsing- en Innoveringskomitee in vir goedkeuring.*

EDU.6.5 APPOINTMENT OF PROMOTER/CO-PROMOTER (A RULE 5.8.4) / AANSTELLING VAN PROMOTOR/MEDE-PROMOTOR (A-REËL 5.8.4)

- (i) Students are allocated to promoters based on the capacity in the faculty to render adequate supervision and based on the focus of the existing entities, research projects and expertise in subject groups in the faculty.
- (ii) At the Scientific Committee a co-promoter could be suggested on the grounds of the relevant technical expertise despite such a person not being in possession of a doctoral degree.
- (i) *Studente word aan promotors toegewys op grond van die vermoë in die fakulteit om voldoende studieleiding te lewer en gebaseer op die fokus van die bestaande entiteite, navorsingsprojekte en kundigheid in vakgroepe in die fakulteit.*
- (ii) *'n Mede-promotor kan deur die wetenskaplike komitee voorgestel word op grond van die toepaslike tegniese kundigheid wat vereis word, afgesien daarvan dat die persoon nie oor 'n doktorsgraad beskik nie.*

EDU.6.6 ETHICAL CLEARANCE OF A RESEARCH PROPOSAL (A-RULE 5.9.4) / ETIESE KLARING VAN 'N NAVORSINGSVOORSTEL (A-REËL 5.9.4)

After the approval of the research proposal by the Research and Innovation Committee, ethical clearance is obtained from the applicable Ethics Committee. The assigned Ethics number is submitted to the Higher Degrees administration office.

Nadat die navorsingsvoorstel deur die Navorsing- en Innoveringskomitee goedgekeur is, word etiese klaring by die toepaslike Etiese Komitee verkry. 'n Etiek-nommer word toegeken en by die nagraadse administrasiekantoor ingedien.

EDU.6.7 DURATION OF THE STUDIES / DUUR VAN DIE STUDIE

The minimum duration of the studies for this qualification is a period of two (2) years and the acquisition of 360 credits, and the maximum length of time for completing the doctoral degree for full-time students, is a period of four (4) years. The maximum length of time for a part-time student is a period of five (5) years (A rule 1.14)

Die minimum duur van die studie vir hierdie kwalifikasie is twee (2) jaar en na verwerwing van die vereiste 360 krediete en die maksimum tydsduur vir die voltooiing van die doktorsgraad vir voltyds studente is vier (4) jaar. Die maksimum tydsduur vir deeltydse studente is vyf (5) jaar. (A reël 1.14)

EDU.6.8 EXTENSION OF THE STUDY PERIOD / VERLENGING VAN STUDIETYDPERK

- (i) A student who does not complete his/her studies within the maximum period must apply to the Deputy Dean for an extension of the study period by one academic year at the end of the fourth/fifth year of his studies (A Rule 5.13).
- (ii) The promoter must motivate the extension of the study period to the involved Deputy Dean.
- (iii) An application for the extension of the study period must be in the form of a submission in which the following are indicated (A Rule 5.13.2):
- that the research topic is still relevant;
 - what progress has already been made;
 - what still has to be done to complete the studies; and

- d) whether the promoter is still available.
- (i) 'n Student wat nie sy/haar studies binne die maksimum studietyd voltooi nie, moet aan die einde van die vierde/vyfde studiejaar by die betrokke Adjunkdekaan aansoek doen om 'n verlenging van die studietydperk met een bykomende akademiese jaar (A-Reël 5.13).
- (ii) Die promotor moet 'n motivering vir die verlenging van die studietyd aan die betrokke Adjunkdekaan van die Fakulteit, voorsien.
- (iii) 'n Aansoek om die verlenging van die studietyd moet in die vorm van 'n voorlegging, die volgende toelig (A-Reël 5.13.2):
- of die navorsingsonderwerp steeds relevant is;
 - watter vordering reeds gemaak is;
 - wat nog gedoen moet word om die studie af te handel;
 - of die promotor steeds beskikbaar is.

EDU.6.9 LIST OF PROGRAMMES / LYS VAN PROGRAMME

Programme Code / Program-kode	Curriculum Code / Kurrikulum-kode	Descriptive Name / Beskrywende naam	Curriculum Structure / Kurrikulum-struktuur	Credits / Krediete	Campuses / Kampusse		
					P	V	M
4CA R10	O901P	Physical Science Education / Fisiese Wetenskaponderwys	PHSE 971	360	√		
4CA R06	O901P	Educational Management and Leadership / Onderwysbestuur en Leierskap	EDMA 971	360	√	√	√
4CA R05	O901P	Education Law / Onderwysreg	EDLW 971	360	√	√	
4CA R07	O901P	Educational Psychology / Opvoedkundige Sielkunde	EPSY 971	360	√		
4CA R01	O901P	International and Comparative Education / Internasionale en Vergelykende Opvoedkunde	CMPE 971	360	√		
4CA R09	O901P	Mathematics Education / Wiskunde-onderwys	MATE 971	360	√		
4CA R14	O901P	Special Needs Education / Onderwys vir Spesiale Behoeftes	SPNE 971	360	√	√	√
4CA R11	O901P	Philosophy of Education / Filosofie van Opvoedkunde	PHIE 971	360	√		
4CA R12	O901P	Physical Education / Liggaamlike Opvoeding	MOVE 971	360	√		
4CA R02	O901P	Computer Science Education / Rekenaarwetenskaponderwys	CSIE 971	360	√		
4CA R03	O901P	Curriculum Studies / Kurrikulumstudies	CRSE 971	360	√	√	√
4CA R15	O901P	Language Education / Taalonderwys	EDSL 971	360	√	√	√

EDU.6.10 EXAMINATIONS / EKSAMINERING

EDU.6.10.1 Appointment of Examiners / Benoeming van Eksaminatore

- (i) For the examination of a thesis, at least three external examiners, of which one must preferably be an international examiner, must be appointed by the executive Dean of the faculty based on nominations of the promoters and approval of the Research and Innovation Committee.
- (ii) At least three months before submission of the thesis, the student and his/her promoter must notify the administration officer of the Higher Degree Administration office in writing of their intention to submit the thesis for examination.

- (iii) No examiner of a thesis may have been involved in any manner in the supervision of the student or have acted as a critical reader of the thesis.
- (i) *Vir die eksaminering van 'n proefskrif moet minstens drie eksaminatore, waarvan een verkieslik 'n internasionale eksaminator moet wees, deur die uitvoerende dekaan van die Fakulteit aangewys word na aanleiding van nominasies deur die promotors en goedkeuring deur die Navorsing- en Innovasiekomitee.*
- (ii) *Die student en sy/haar promotor moet minstens drie maande voor inhandiging van die proefskrif, die administratiewe beampte van die Hoër Grade Administrasiekantoor skriftelik in kennis stel dat die proefskrif ingedien gaan word vir eksaminering.*
- (iii) *Geen eksamineerder van 'n proefskrif mag op enige wyse betrokke gewees het by die studieleiding van die student, of as kritiese leser van die proefskrif nie.*

EDU.6.10.2 Examinations / Eksaminering

- (i) Examinations for a doctoral degree comprise at least a doctoral thesis that details the student's original research.
- (ii) A doctoral thesis must be submitted for examination.
- (i) *Die eksamen vir 'n doktorsgraad bestaan minstens uit 'n proefskrif wat die resultate van die student se oorspronklike navorsing bevat.*
- (ii) *'n Doktorale proefskrif moet vir eksaminering ingedien word.*

EDU.6.11 REQUIREMENTS FOR A DOCTORAL THESIS / VEREISTES VIR 'N DOKTORALE PROEFSKRIF

- (i) A doctoral thesis must contribute towards scientific education research, knowledge construction and insight into the research domain, and has to provide proof of originality, either by finding new facts, or by exercising an independent critical research approach (A Rule 5.2.1).
- (ii) The editing of a thesis must be satisfactory and comply with the requirements laid down by the Faculty Board (A Rule 5.10.3) and the latest Manual for Postgraduate Studies.
- (iii) In addition to the SALA solemn declaration document a declaration should be included in the thesis in order for the students to declare that it is their own work.
- (iv) Regarding a thesis in article format: a series of at least four manuscripts in article format with an introduction and conclusion chapter according to the normal thesis requirements. Should the article approach be followed, it should be disclosed to the Research and Innovation committee when the proposal is submitted to establish specific criteria for the process. With submission for examination, proof of acceptance of one article for publication and submission of another three articles to various or the same accredited journal must be delivered (A rule 5.10.5).
- (i) *'n Proefskrif moet bydra tot wetenskaplike opvoedkundige navorsing, kenniskonstruksie en insig in die navorsingsdomein, en moet bewys lewer van oorspronklikheid, hetsy deur die vind van nuwe feite of deur die beoefening van 'n onafhanklike kritiese navorsingsbenadering (A-Reël 5.2.1).*
- (ii) *'n Proefskrif moet ten opsigte van die tegniese vereistes voldoen aan die voorskrifte wat die Fakulteitsraad en die nuutste Handleiding vir Nagraadse Studie daaraan stel (A-Reël 5.10.3).*
- (iii) *Benewens die SALA plegtige verklaringsdokument, moet 'n verklaring in die verhandeling ingesluit word waarin die studente verklaar dat dit hul eie werk is.*
- (iv) *Wat die doktersgraad in artikel format betref: Om 'n doktorsgraad te kan verwerf, word die volgende vereis: 'n proefskrif of 'n reeks van minstens vier manuskripte in artikelformaat, met 'n inleiding en gevolgtrekkingshoofstuk, in ooreenstemming met standaard proefskrif-vereistes. Indien die artikelbenadering gevolg word, moet dit so aan die Navorsing- en Innoveringskomitee aangedui word wanneer die voorstel ingedien word om spesifieke kriteria vir die proses daar te stel. Wanneer die proefskrif vir eksaminering*

ingedien word, moet bewys gelewer word van die aanvaarding van een artikel vir publikasie en indiening van drie ander artikels aan verskeie of dieselfde geakkrediteerde joernale (A-Reëls 5.10.5).

EDU.6.12 TERMINATION OF STUDIES / TERMINERING VAN STUDIE

The studies of a student may be terminated if he/she exceeds the maximum duration of the study period or in the case of unsatisfactory academic performance (A Rule 1.18). From the time of registration, the student's academic progress will be monitored continuously by means of half-yearly progress reports.

Die studies van 'n student kan beëindig word indien hy/sy die maksimum studietyd oorskry of in die geval van onbevredigende akademiese prestasie (A-Reël 1.18). Die akademiese prestasie van die student sal deurlopend vanaf registrasie deur middel van half-jaarlikse vorderingsverslae gemonitor word.

EDU.6.13 EXIT-LEVEL OUTCOMES / UITREEVLAK UITKOMSTE

Candidates will obtain this degree only if they can demonstrate the competence described in the exit level outcomes that follow:

- (i) Demonstrate a depth of knowledge and high levels of theoretical understanding in a complex and specialised area in the field of Education and/or across specialised or applied areas.
- (ii) Demonstrate intellectual independence and advanced research skills through the ability to apply sophisticated knowledge and research methodologies to solve complex, unfamiliar problems in the field of Education, and the competence to integrate and apply theoretical knowledge and research findings in relevant local and global contexts as well as across disciplines.
- (iii) Deal with complexity, lacunae and contradictions in the knowledge base of the field of Education.
- (iv) Autonomously generate, synthesise and evaluate information and concepts at highly abstract levels and make sound evaluations on the basis of independently generated criteria.
- (v) Question existing knowledge boundaries and practices in the field of Education and create responses to problems that expand or redefine existing knowledge.
- (vi) Show a mastery of the literature and state of research in a specific area.
- (vii) Demonstrate research leadership in a field or across disciplines, including the ability to plan, resource, manage and optimise all aspects of research processes in complex and unpredictable contexts.
- (viii) Demonstrate high levels of responsibility, self-reflexivity and adaptability with respect to the ethical implications of research, the determination of socially relevant issues and research needs in South Africa, and the ability to relate these issues to international contexts.

Kandidate kan slegs hierdie graad verwerf as hulle die vaardigheid kan demonstreer wat beskryf word in die uitreevlakuitkomst wat volg:

- (i) *Demonstreer 'n diepte van kennis en hoë vlakke van teoretiese begrip in 'n komplekse en gespesialiseerde gebied in die onderwysveld en/of oor gespesialiseerde of toegepaste gebiede.*
- (ii) *Demonstreer intellektuele onafhanklikheid en gevorderde navorsingsvaardighede deur die vermoë om gesofistikeerde kennis en navorsingsmetodologieë toe te pas om ingewikkelde, onbekende probleme op die gebied van die onderwys op te los, en die vaardigheid om teoretiese kennis en navorsingsbevindinge te integreer en toe te pas in relevante plaaslike en wêreldwye kontekste, soos oor dissiplines heen.*
- (iii) *Die kompleksiteit, leemtes en teenstrydighede in die kennisbasis van die onderwysveld te hanteer.*
- (iv) *Genereer, sintetiseer en evalueer inligting en konsepte outonoom op hoogs abstrakte vlakke en doen goeie evaluering aan die hand van onafhanklike gegengereerde kriteria.*
- (v) *Bevraagteken bestaande kennisgrense en praktyke in die onderwysveld en skep antwoorde op probleme wat bestaande kennis uitbrei of herdefinieer.*
- (vi) *Toon 'n bemeestering van die literatuur en die stand van navorsing op 'n spesifieke gebied.*

- (vii) *Demonstreer navorsingsleierskap in 'n veld of oor verskillende dissiplines, insluitend die vermoë om alle aspekte van navorsingsprosesse in komplekse en onvoorspelbare kontekste te beplan, te help, te bestuur en te optimaliseer.*
- (viii) *Demonstreer hoë vlakke van verantwoordelikheid, selfrefleksiwiteit en aanpasbaarheid met betrekking tot die etiese implikasies van navorsing, die bepaling van maatskaplik relevante kwessies en navorsingsbehoefte in Suid-Afrika, en die vermoë om hierdie kwessies met internasionale kontekste in verband te bring.*